N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 34

21 Augustus 2022

Omhels jy Die Waarheid
of skep jy jou eie waarheid?

“My waarheid”
In ons moderne tyd het die waarheid relatief geword. Vandag praat televisieprogramme, beïnvloeders, Instagram, ens. almal oor “my waarheid”. Maar daar is nie iets soos “my waarheid” en “jou waarheid” nie. Hulle behoort eintlik te sê: “ Met my beperkte insig, in die klein wêreldjie waarin ek lewe, is dít wat […] vir my beteken.”
Hulpeloos en hopeloos
Ons moet altyd terugkeer na die Bybel as die bron van absolute waarheid. Jesus is die Woord van waarheid; Hý is die Woord. In die wêreld – veral in ons wêreld as Suid-Afrikaners – breek die golf van korrupsie, bedrog, leuens, verdraaiing van feite, boosheid, onwaarhede en valsheid onophoudelik, elke dag oor ons en dreig soms om ons mee te sleur. Of dit nou deur die media, sosiale media of politici is of selfs sekere kerke – wat byvoorbeeld die waarheid van God se Woord oor die huwelik verdraai en herdefinieer – kom die verdraaiing van waarheid van alle kante. Dit kan ‘n mens total hulpeloos en hopeloos laat voel.
Wysheid is by God te vinde
As jy op soek is na antwoorde of besluite moet neem, is die eerste ding wat jy moet doen om te bid en te sê: “Here, hier is die problem. Vul my met U wysheid.” Jak 5:1 sê: “ As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee…”God se wysheid is onmiddelik beskikbaar.
Die vred van God
Lees jou Bybel en soek die waarheid en vind jou leiding daarin. Slegs die waarheid sal jou vrede gee en jou help om elke beproewing te bowe te kom. “…maak in alles julle begeertes deur gebed aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.” Fil 4:6-7
Jou Bybel is jou beste vriend
Vra die Here vir Sy hulp: “ Here, ek het ‘n woord van U af nodig.” As jy dan Bybel lees, sal sekere teksverse vir jou uistaan; hulle sal tot jou gees spreek. Dit is die waarheid van God vir jou in daardie situasie. Die Woord van God is dinamies, daarom is die onveranderlike waarheid daarvan op verskillende situasies van toepassing. Wanneer jy op soek is na die waarheid, soek eers die Koninkryk van God – die res sal bygevoeg word. Soek…en maak die Bybel jou beste vriend.

Dankie!

Vir die Woord van Waarheid, die Lewe en die Weg – Jesus Christus!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Johan Kotzé – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Toni Redelinghuis – vir nabyheid van die Here.
- Suzelle Barkhuizen – vir volle herstel en genesing.
- Annika Killian –vir genesing en herstel.
- Lilian van Zyl - vir genesing en herstel.
- Oom Hannes Stolz – vir genesing en herstel.
- Susan van Zyl – vir genesing en herstel.
- Enid Kriger – vir spoedige herstel.
- Martie van Staden – vir spoedige herstel na rugoperasie.
- Juan Strijdom – vir volkome herstel.
- Marné Holtzhausen – vir volkome genesing.
- Oom Eberhard Carshagen – vir spoedige herstel en genesing.
- Tannie Bets Coetzee – vir spoedige herstel en genesing.
- Lucinda Graaff – vir spoedige herstel en genesing.
- Gert Keulder – vir genesing

Gedagte vir die week

“Heilig hulle in U waarheid;
U Woord is die waarheid.” Joh 17:17

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org